

Christus word met sy doop die enigste sondaar tussen gedooptes

Inhoud.

Hierdie preek wys dat Christus Homself met sy doop deur Johannes die Doper die enigste sondaar tussen gedooptes maak. Jesus maak Homself nie deur sy doop 'n geestelike nie. Johannes wys dat Christus met sy doop alles agterstevoor draai wat Johannes van die Christus verwag het. Jesus word in die plek van sondaars die enigste sondaar sodat hulle sondeloos kan wees. Hy skep nie 'n geestelikheid om jouself sondeloos te maak deur Jesus na te doen nie. Ons word met water gedoop as teken dat Christus tussen gedooptes die enigste sondaar was en ons vir God nooit sondaar sal wees nie, maar sy kinders. Daar is net een doop. Die doop wat wys ons is in en met Christus nie sondaars nie. Alle ander waterrituele wys dat mense net so geestelik soos Jesus wil wees deur Jesus te probeer nadoen in 'n doop wat nooit gebeur het nie: Jesus wat Homself as geestelike sou laat doop het. Ons kan nie soos Jesus gedoop word nie want ons kan nie die enigste sondaar tussen sondaars word nie. Ons word gedoop omdat Hy ons sondeloos laat wees, nie omdat ons bekeerd of geestelik sou wees nie.

Skriflesing Matteus 3: 13 – 16; 28: 16 – 20; Efe. 4: 3 – 6.

Teks Efe. 4: 5 Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal.

Tema Christus word met sy doop die enigste sondaar tussen gedooptes

1. Wat het Jesus Homself met sy doop gemaak, 'n sondaar of 'n geestelike?

Jesus word nie maar sommer net gedoop soos Johannes oor die doop dink en hoe hy dit bedien nie. Jesus gee self aan die doop deur Johannes 'n nuwe betekenis in dit wat Jesus met Homself as die Christus maak deur Hom self te laat doop.

'n Sondaar is 'n persoon wat God nie met sy hele hart, siel, verstand en al sy krag liefhet en nie sy naaste soos homself lief het nie. 'n Geestelike is 'n persoon wat homself sonder sonde probeer maak deur sy eie menslikheid niks te maak, dit af te sterf, omdat hy glo dat wanneer hy as mens niks is nie, hy deel van God se goddelikheid sal word.

So!

Wat het Jesus met en van Homself gemaak deur Hom deur Johannes die Doper te laat doop? Het hy van Homself 'n sondaar gemaak wat God en sy naaste nie liefhet nie of het Hy van Homself 'n geestelike gemaak wat God se krag en lewe probeer uitleef?

2. Jesus word nie maar net soos die ander Jode deur Johannes die Doper gedoop soos wat Johannes oor die doop gedink en geglo het nie. Met sy doop deur Johannes maak Jesus Homself 'n Persoon wie teen alles is waarin Johannes die Doper in geglo het.

Christus word met sy doop die enigste sondaar tussen gedooptes

Dit is baie duidelik uit die evangelies dat Johannes nie maar net 'n bietjie protesteer om Jesus met water te doop nie. Hy weier. Hy wil Jesus nie doop nie. Want Johannes is vas oortuig dat Hy nie die Christus wat sou kom, moet doop nie.

Volgens Johannes se eie opvatting het hy net sondaars wat tot bekering gekom het in die geloof dat die Christus kom, gedoop. Die Christus kom met die Gees doop, nie met water nie. Daarom kon en wou Johannes nie die Christus met water doop nie.

Nou draai Jesus Christus alles agtestevoor deur self 'n gedoopte te word soos een van die bekeerde sondaars. Johannes se onbegrip vir hoe Jesus die Christus gaan wees, wys in sy teenkating teen Jesus se versoek in die woorde: "Ek behoort deur U gedoop te word. En U kom na my toe." Hiermee bedoel Johannes dat Christus kom om God se beloftes waar te maak. Die doop met die Gees is om deelgemaak te word van al die beloftes van God wat Christus waarmaak. Só doop die Christus mense. Jesus is geen bekeerde sondaar en Hy het geen sonde nie, Daarom glo Johannes dat dit teen alle waarheid is dat Hy Jesus moet doop.

3. Nou hoekom dring Jesus dan daarop aan om deur Johannes gedoop te word, as Hy nie 'n sondaar is nie, wat nog te sê, 'n bekeerde sondaar sou wees?

Want met sy doop doen Jesus iets met Homself as die Christus wat Johannes die Doper nie met Jesus kan doen nie. Jesus maak Homself tussen gedooptes die enigste en grootste sondaar.

Christus kondig hierdie betekenis wat Hy self aan sy doop deur Johannes gee aan met die woorde: "Want dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul." (Nuwe direkte vertaling) of "so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul." (1953 vertaling).

Christus maak Homself die enigste en grootste sondaar tussen gedooptes – dit is hoe Hy alle geregtigheid vir gedooptes vervul. Dit is die betekenis wat Jesus aan sy eie doop gee, nie wat Johannes die Doper aan Jesus se doop gee nie.

4. Hoe kan Jesus so iets doen? Hoe kan Hy Homself tussen gedooptes die enigste en grootste sondaar maak?

- Jesus doen dit nie deur ook net soos hulle sonde te doen nie.
- Jesus doen dit ook nie deur solidêr te wees met sondaars se sondes nie.
- Jesus doen dit ook nie deur hulle sondes heimlik met hulle saam te geniet nie

Christus word met sy doop die enigste sondaar tussen gedooptes

- Jesus doen dit ook nie deur Homself in en deur hulle sondes te bemagtig asof Hy vir hulle menseregte in hulle sondes opkom nie.

Die apostel Johannes kondig dit aan in die Johannes evangelie hoofstuk 1 vers 14: “En die Woord het vlees geword en ons ons kom woon”, (1953 vertaling) bedoelende Hy het ’n sondige mens tussen mense geword. Jesus word sondaar tussen sondaars deur sondaars se sondes op Hom te neem! Dit is hoe dit in Jesaja 53: 6 aangekondig is oor wat die kneg van die Here sal kom doen: “maar die Here die ongeregtighede van ons almal op Hom laat neerkom.” (1953)

So maak Hy Homself die grootste en enigste sondaar tussen gedooptes, self sonder enige eie sonde, maar deel van alle sondes van elke gedoopte. Dit is wie Jesus Homself maak deur ’n gedoopte te word deur Johannes die Doper.

5. Jesus het Homself nie deur sy doop ’n geestelike mens gemaak nie!

Jesus was nie voor sy doop ’n gewone mens wat sy gewone menslikheid afgelê het deur onder die water in te gaan en as ’n nuwe geestelike mens uit die water op te kom nie. Dit het glad nie met Jesus in daardie Jordaanspruitjie gebeur nie.

Dit is wat geestelike mense graag van hulle self wil glo!

Hulle glo dat hulle vry van sonde word deur hulle

- eie menslike te wil afsterf,
- eie menslike gevoelens af te sterf,
- eie menslike verstand af te sterf,
- eie seksuele begeerte af te sterf en
- eie mense behoeftes af te sterf.

Dit doen hulle met die doelwit en motivering om God toe te laat om sy goddelike lewe en krag deur hulle te kom uitleef.

Dit word vandag verkeerdelik in die woorde: “Jy moet jou hart en lewe vir God oopmaak” as die ware geestelike betekenis van Jesus voorgehou. Wanneer jy jou eie lewe, eie karakter en eie menswees so ontken, dan glo hulle kry jy God se eie idees, God se eie drome, God se eie gevoelens en God se eie wil as jou eie binne in jou. God is dan volgens hulle jou binneste, nie meer jyself nie. Hulle glo sondeloosheid is om nie meer menslik te wees nie maar deel van God se goddelikheid te wees.

6. Jesus het Hom nie self sondeloos gemaak met sy doop nie. Dit teendeel is juis waar. Hy het met sy doop Homself ’n sondaar gemaak. Sy doop is nie ’n teken van sy

Christus word met sy doop die enigste sondaar tussen gedooptes

bekering, sy geestelikheid of sy sondeloosheid nie. Sy doop is die teken dat Hy juis die enigste en grootste sondaar tussen die gedooptes is.

Toe Jesus in daardie water ingegaan het, was Hy sondeloos en toe Hy uit daardie water opgestaan het, was Hy die grooste sondaar ooit wat die kruisiging verdien het.

Hy het nie as gewone mens in die water ingegaan om as 'n geestelike mens uit die water op te staan nie. Dit sien ons in die openbaring van God die Vader in die stem by sy doop: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." Mat. 3: 17 en ook in die Gees wat op Jesus neerdaal. Hy gaan as gewone mens in die water om as gewone mens uit die water op te staan. Sy doop het nie sy menslikheid verander nie. Want Hy word nie 'n geestelike mens nie. Hy is self God! God die Seun van die Vader wat saam met die Vader die Gees gee.

Die gewone sondelose mens wat in die water ingegaan het, het as die grootste sondaar uit die water opgestaan – God wat saam met sondaars nou 'n sondige mens is deur sy doop, nie deur sy sondes nie.

7. Deur Homself sondaar te maak, vervul Jesus alle geregtigheid vir sondaars.

Christus se eie rede vir sy doop in sy eie woorde is "want so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul." (Mat.3:15 1953 vertaling) Christus se doop is die wyse waarop Hy alle geregtigheid vervul vir hulle wat onregverdig is. Hy laat homself doop as sondaar vir sondaars, nie vir Homself nie. "Geregtigheid vervul" beteken om sondaars se sonde só reg te maak dat hulle nooit weer sondaars vir God sal wees nie.

Sy doop is nie hoe Hy Homself meer geestelik maak nie. Sy doop gaan nie oor geestelike narsisme, dit is selfliefde nie. Alle geestelikheid is eintlik niks anders as selfliefde nie. Geestelikheid gaan oor hoe jy jouself mooier, aantrekliker, inniger en liefdevoller maak. Dit gaan oor selfverryking deur goddelike ervarings. Jesus is nie gedoop om 'n voller en ryker lewe met goddelike ervarings te leef nie.

Hy is gedoop vir ander, vir sondaars, om hulle vir God reg te maak sodat hulle nie vir god sondaars sal wees nie, al doen hulle nog sondes.

8. Hoe doen Jesus Christus dit?

Dit wys die Skrif ons in 1 Joh. 5: 6 "Die Een wat deur die water (*van sy doop*) en die bloed van sy dood na ons toe gekom het, is Jesus Christus; nie net deur die water nie, maar deur die water én die bloed."

Só doen Christus dit! Deur die water van sy doop en die bloed van sy dood! Deur die water van sy doop maak Hy homself in die plek van gedooptes die enigste sondaar

Christus word met sy doop die enigste sondaar tussen gedooptes

tussen hulle sodat Hy deur die bloed van die kruis hulle sondeloos kan maak. Christus neem hulle sondes op hom en hulle kry deel van Christus se sondeloosheid.

Op hierdie wyse is gedooptes nooit weer sondaars nie, al doen hulle sonde: Hy is hulle sonde in hulle plek en hulle is sy onskuld in sy plek.

9. Hoekom doop ons vanoggend vir HP Bonnema met water?

Want dit is die doop met water wat die Here self in Matteus 28 ingestel het vir hulle wat deel is van die doop waarmee Hy Homself deur Johannes laat doop het. Die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, is die doop waarmee Christus gedoop is want Hy is die Seun en die Vader het dit met sy doop bevestig en deur die Heilige Gees is Jesus as die Christus verseël.

Jesus het HP self ingesluit in sy eie doop met water. Hy is vir HP die enigste en grootste sondaar van al die sondes wat HP nog gaan doen. Hy het Homself deur sy doop só ingesluit in al HP se sondige neigings en dade van die toekoms.

Christus het HP ook ingesluit in sy eie sondeloosheid toe Hy gedoop was op so wyse dat HP Christus se sondeloosheid deel en só altyd voor God sonder sonde sal wees. HP sal nooit voor God 'n sondaar wees nie, al doen hy sonde en het hy sondige neigings. HP is met Christus se waterdoop as teken verseël dat hy vir God altyd net kind sal wees, nooit sondaar nie.

10. Ons en ons kinders is ingesluit in Christus se doop, ons kan nooit soos Christus gedoop word nie. Ons kan nie soos Hy as sondelose mens gedoop word om sondaars te word nie.

Vir ons het Hy alles agterstevoor gedraai soos Johannes die Doper dit uitgewys het: ons word as sondige mense gedoop om nooit weer vir God sondaars te wees nie. Daar is net één Here, één Gees, één liggaam, één God en Vader. Efe. 4: 4, 5. Die een Here is Christus wat in ons plek as sondaar gedoop is. Die een Gees sluit ons in Christus se doop en liggaam in om sy lidmate te wees wat nooit vir die een Vader sondaars is nie, al doen hulle sonde.

Daar is nie nog 'n geestelike Jesus soos wie ons gedoop moet word nie, nog 'n ander doop of waterteken wat wys ons is met God se krag vervul nie, nie nog 'n ander gees wat ons met goddelike krag vervul of nog 'n ander vader wat ons binneste oorneem wanneer ons ons eie binneste menswees vir hom doodmaak nie.

11. Die NG Kerk het Reformasie nodig want hulle dien nou twee here's, met twee watertekens. Hulle sal kinders doop en dit 'n verbondsdoopt noem, maar vir hulle ervaring van goddelikheid in hulle sal hulle waterrituele opmaak wat wys hulle het

Christus word met sy doop die enigste sondaar tussen gedooptes

soos die geestelike Jesus geword. Daarom moet jy, al is jy gedoop, voor jy die waterrituele kan gebruik, eers aan die kerkraad kan bewys dat jy geestelik geword het met 'n bekering en dat jy "die Heilige Gees erken as God binne in jou God" (Vereistes van NG Gemeente Sunwardpark vir waterrituele). Die NG gemeente Sunwardpark glo dat Jesus se doop was 'n "toewydingsdoop" en dat jy ook net soos Jesus met sy doop jouself aan God moet toewy in waterrituele. (www.sungem.org onder die opskrif "doopviering").

So!

Kinders word met 'n verbondsdooop gedoop wat wys hulle is in God se verbond, maar dit is nie vir hulle Jesus se doop nie. Eers wanneer jy tot bekering kom, soos Jesus, dan kan jy met waterrituele wys jy het nou deel van Jesus se doop geword en dan spreek die predikant sommer nou ook die doopswoorde oor jou uit: "In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees."

Daar is net een Here en een doop, sonder enige ander waterspeletjies. Kinders en volwassenes se doop wys hulle is ingesluit in Christus se doop waarin net Hy in hulle plek vir hulle sondaar voor God was sodat hulle altyd sonder sonde voor God leef.

Hierdie tweede geestelike Jesus met sy waterspeletjies in de NG Kerk is 'n afgod.

12. Kom ons doop HP een keer omdat hy net een keer ingesluit word in net een Here, Jesus Christus, om altyd sondeloos voor net een God en Vader te wees.

Kom ons doop HP met die waterdoop waarmee Christus gedoop is, sodat hy kan grootword in die sekerheid dat hy nooit soos die Here gedoop moet word nie. Hy moet nie soos die Here gedoop word nie. Hy is ingesluit deur die kragtige werking van die Heilige Gees by die doop waarmee net die Here gedoop kon word: om as sondelose die water in te gaan sodat Hy as die grootste sondaar uit die water opgestaan het.

Kom ons doop HP met die teken waarmee die Here self gedoop is.

Met hierdie teken mag hy nooit die geestelike Jesus aanvaar of in glo nie. Want daar is vir HP nie so 'n geestelike Jesus nie. HP moet groot word in die geloof dat hierdie tweede geestelike Jesus is 'n afgod wat hom van die Here in wie se doop hy ingesluit is, sal vervreem.

HP kan grootword en van elke sonde bekeer sonder 'n bekeringsdoop.

HP kan grootword en God dien sonder enige geestesdoop.

Christus word met sy doop die enigste sondaar tussen gedooptes

HP kan groot word in die sekerheid wat een doop hom vir altyd sal gee – ek is nooit God se sondaar nie, al doen ek sonde. Ek is net God se kind, al doen ek sonde, omdat Jesus in my plek al my sonde gedra en verreken het.

Hierdie sekerheid sal die Gees van hierdie doop hom altyd mee vertroos, sodat dit vir hom nooit nodig sal wees om met die waterspeletjies van die NG Kerk homself te hoef vertroos nie.

Kom ons doop HP Bonnema met die teken waarmee die Here Jesus gedoop is.